

GESAMENTLIKE PERSVERKLARING

7 OKTOBER 2026

14 BESKULDIGDES VERSKYN IN HOF NÁ GEKOÖRDINEERDE INHEGTENISNEMINGS IN VERBAND MET BEWEERDE BTW-TERUGBETALINGSBEDROG VAN R3,99 MILJOEN

Veertien beskuldigdes, bestaande uit vyf entiteite en nege individue, het in die landdroshof in Siyabuswa verskyn ná gekoördineerde inhegtenisnemings wat verband hou met 'n beweerde skema vir bedrieglike terugbetaling van belasting op toegevoegde waarde (BTW) ten bedrae van R3,99 miljoen.

Die inhegtenisnemings volg op 'n strafregtelike ondersoek deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) na bewerings dat bedrieglike BTW-terugbetalingseise namens 'n entiteit deur die SARS eFiling-stelsel ingedien is. Inhegtenisnemingslasbriewe is uitgevoer tydens 'n gekoördineerde operasie in Mpumalanga, Gauteng en Noordwes, met die ondersteuning van die Direkoraat vir Prioriteitsmisdaadondersoek (die Valke) en ander wetstoepassingsrolspelers.

Die saak vorm deel van 'n breër nasionale ondersoek onder Projek Jan Vas, waarin 'n beweerde georganiseerde misdaadsindikaat, bestaande uit Suid-Afrikaanse en buitelandse burgers, daarvan verdink word dat hulle SARS deur grootskaalse belastingbedrogskemas teiken. Die sindikaat is na bewering in verskeie provinsies bedrywig, waaronder Mpumalanga, Limpopo, Noordwes en Gauteng, en word daarvan verdink dat hulle betrokke is by gekoördineerde onwettige bedrywighede wat daarop gemik is om die staatskas te bedrieg.

Daar word beweer dat vals BTW-opgawes tussen Junie 2016 en Junie 2020 ingedien is, wat SARS na raming R3,99 miljoen aan verliese besorg het.

Hierdie saak toon die doeltreffendheid van die samewerking tussen SARS, die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG), die Valke en ander wetstoepassingsvennote om ingewikkelde handelsmisdade op te spoor, te ondersoek en te vervolg.

Deur die uitruil van intelligensie, gespesialiseerde ondersoekvermoëns en gekoördineerde vervolgingsoptrede werk hierdie instellings steeds saam om georganiseerde belastingmisdaadnetwerke af te breek, staatsinkomste te beskerm en die oppergesag van die reg te versterk.

BTW-bedrog bly een van die ernstigste bedreigings vir die integriteit van Suid-Afrika se belastingstelsel. Bedrieglike terugbetalingseise ontnem noodsaaklike openbare dienste van hulpbronne, verwing billike mededinging en bevorder onwettige ekonomiese bedrywighede wat ekonomiese groei en ontwikkeling ondermyn.

Die saak beklemtoon ook die toenemende belangrikheid van data-analise en digitale vermoëns in die bekamping van belastingmisdaad. As deel van sy moderniseringsprogram belê SARS steeds in gevorderde datagedrewe tegnologieë wat risiko-opsporing verbeter, verdagte transaksies vroeër identifiseer en die organisasie se vermoë versterk om doeltreffend op

ontluikende bedreigings te reageer. Hierdie vernuwings ondersteun ook belastingpligtiges wat hul verpligtinge nakom deur nakomingsprosesse te vereenvoudig en administratiewe laste te verminder.

Die SARS-kommissaris, dr. Johnstone Makhubu, het gesê:

“Elke rand wat deur BTW-bedrog gesteel word, is ’n rand wat nie gebruik kan word om ’n bekwame staat op te bou en dienste aan Suid-Afrikaners te lewer nie. SARS is vasbeslote om misdaadnetwerke af te breek wat die belastingstelsel vir eie gewin misbruik. Deur moderne tegnologie, gevorderde data-analise en sterk vennootskappe met die NVG en wetstoepassingsagentskappe maak ons dit al hoe moeiliker vir bedrieërs om hul bedrywighede voort te sit. Ons boodskap is ondubbelsinnig: Diegene wat die integriteit van ons belastingstelsel probeer ondermyn, sal opgespoor, ondersoek en vervolg word.”

Die suksesvolle ondersoek en vervolging van belastingverwante misdrywe berus op sterk samewerking tussen ondersoek- en vervolgingsagentskappe. Hierdie saak beklemtoon die waarde van gekoördineerde optrede om die land se inkomstebasis te beskerm en te verseker dat diegene wat die belastingstelsel vir misdadige gewin probeer uitbuit, tot verantwoording geroep word.

Die NVG bly daartoe verbind om nou saam met SARS en sy wetstoepassingsvennote te werk om te verseker dat individue wat by ingewikkelde finansiële misdade betrokke is, voor die gereg gebring word en die volle gevolge van hul dade dra.

Die vennootskap tussen SARS en die NVG bly ’n kernpilaar in Suid-Afrika se stryd teen belastingmisdad, korrupsie en die onwettige ekonomie. Albei instellings bly onwrikbaar verbind tot die beveiliging van openbare hulpbronne, die beskerming van die integriteit van die belastingstelsel en die versekering dat oortreders tot verantwoording geroep word.

Die 14 beskuldigdes het op 6 Oktober 2026, ná hul inhegtenisnemings, in die landdroshof in Siyabuswa begin verskyn. Die borgtogverrigtinge duur voort.

Einde

Gesamentlik uitgereik deur:

Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS)
Nasionale Vervolgingsgesag (NVG)

Vir medianavrae:

SARSMedia@sars.gov.za
mnyuswa@npa.gov.za